LEGACY INVEST

*A legacy of wealth*

Avalon Memoriam Investments 1 Beperk

# SAKEPLAN

**VERTROULIKHEIDSKLOUSULE**

Die Openbaarmaker maak hiermee sekere vertroulike inligting aan die Ontvanger bekend insluitend alle inligting vervat in hierdie brosjure of enige ander dokument, apparaat, planne en projeksies wat betrekking het op die ontwikkeling en handelsmerk skepping van Avalon Memoriam en enige verwante entiteite.

Die inligting wat hiermee verskaf word, is vertroulik en konfidensieel en die Ontvanger onderneem om:

1.1 die inligting slegs en alleenlik aan te wend vir die doeleindes soos gestel deur die Openbaarmaker, naamlik die verkryging van 'n oorsig oor die voorgestelde ontwikkeling en skepping van Avalon en verwante entiteite met die doel om daarin te belê;

1.2 hierdie inligting as privaat en konfidensieel te beskou en te behandel;

1.3 op geen stadium sonder skriftelike toestemming van die Openbaarmaker -

1.3.1 die inligting of produk aan enige persoon of party, anders as persone direk betrokke by die Ontvanger, te openbaar nie.

1.3.2 nie die indruk te skep of enige derde party onder die indruk te bring dat daar 'n agentskaps-ooreenkoms en/of vennootskapsooreenkoms en/of gesamentlike onderneming en/of ander soortgelyke ooreenkoms tussen die Openbaarmaker en die Ontvanger bestaan nie .

1.4 nie die vertroulike inligting tot die voordeel van enige derde party aan te wend nie.

**Sou die Ontvanger enige van die bostaande terme verbreek, sal die Openbaarmaker sonder enige verdere kennisgewing stappe neem om sy regte te beskerm en die skade wat gelei mag word te beperk.**

*A legacy of wealth*

# 'N NALATENSKAP VAN WELVAART

**1. BRIEF VAN DIE VOORSITTER**

Daar bestaan 'n algemene filosofie dat eiendom een van die mees betroubare maniere is waarop 'n volhoubare batebasis geskep kan word om finansiële onafhanklikheid te bekom. Alhoewel dit waar is dat vaste bates meer stabiel as aandele, effekte, en ander finansiële beleggings is, het die eiendomsmark oor die jare ook maar sy deel van teëspoed beleef, dikwels as gevolg van ander "eksterne" ekonomiese kragte.

By Legacy Invest is ons voortdurend op soek na beleggings wat so min as moontlik deur eksterne ekonomiese faktore beïnvloed word, beleggings wat oor 'n sterk kommersiële basis beskik, gefundeer in logika, navorsing, markbehoeftes en 'n duidelike aanvraag, met soveel moontlik ingeboude veiligheidsmaatreëls.

Die Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy is presies so 'n belegging. Met 'n vaste 20% enkelvoudige kapitale groei per jaar, oor 'n periode van ses jaar, is die opbrengs op die belegging 220%. Die projek is gefundeer op die drie pilare van handel, naamlik bewese navorsing, duidelike aanvraag na die produk en die produk se lewensvatbaarheid.

Buiten die bogenoemde drie handelsbeginsels, word 'n belegging in Avalon Memoriam Investments 1 Beperk ook deur die volgende drie-pilaarstruktuur beskerm. Om dit eenvoudig te stel, word jou belegging **sowel as die enkelvoudige kapitale groei teen 20% per jaar** – wat 'n **totale opbrengs van 220%** oor 'n periode van ses jaar tot gevolg het – op 'n drie-pilaarwaarborg gebaseer.

Eerstens, vir elke R15 000.00-belegging in hierdie projek, ontvang u outomaties 'n Avalon Funerals Basic begrafnisplan. Dit is u onmiddellike Waarde Waarborg, vir korttermyn gemoedsrus. Dit bied ook die moontlikheid van kits kapitale opbrengs, sou u besluit om die begrafnisplan te benut en dit nie as sekuriteit te hou nie.

Tweedens word die opbrengs op u belegging in die Avalon Memoriam Investment 1 Maatskappy gerugsteun deur 'n Gewaarborgde Terug-koop ooreenkoms tussen Avalon Memoriam Investments 1 Beperk en Avalon Capital Holdings, the houermaatskappy van alle regte en titelaktes vir die Avalon Memoriam Nasionale projek. Dit is 'n multi-miljoenrand inisiatief wat u belegging deel maak van 'n veel groter doel. Hierdie Opbrengs waarborg verskaf aan u gemoedsrus gedurende die hele termyn van u belegging.

Derdens word die totale waarde van u belegging in hierdie projek verseker deur die wesenlike markwaarde van 158 000 nisse, asook deur die wesenlike finansiële waarde van die Avalon Groepskema Begrafnisplan, onderskryf deur 'n betroubare versekeraar, wat op sig self 'n kragtige finansiële instrument is .

Die gekombineerde krag van die bostaande drie meganismes verlaag die risikofaktor, wat hierdie een van die sterkste beleggingsmoontlikhede tans beskikbaar, maak.

Die Avalon Memoriam beleggingsgeleentheid aangebied deur Legacy Invest is 'n toonbeeld van die tipe projek wat voldoen aan ons streng beleggingsbeginsels, terwyl dit ook kommersieel voordeel trek uit een van die absolute sekerhede van ons bestaan. Daar word gesê dat daar slegs twee sekerhede in die lewe is: die dood en belasting. Dit is 'n onbetwisbare feit dat elkeen van ons, ongeag persoonlike faktore, tot sterwe sal kom. Die kommersiële kern van die Avalon Memoriam projek is gebaseer op waardige en bekostigbare dienslewering ten opsigte van hierdie feit, soos uiteengesit in die Sake Oorsig-hoofstuk van hierdie prospektus.

Betreffende die tweede deel van die gesegde hierbo wat na belasting verwys: dit is nie alleen 'n gegewe nie, maar ook 'n burgerlike plig wat deur ons onderskryf word. In die samestelling van hierdie uitstekende beleggingsgeleentheid is daar egter gepoog om die belasbare komponent van u opbrengs so klein as moontlik te hou.

Nie alleen is Legacy Invest geskoei op die beginsel van die skepping van beleggingsgeleenthede met 'n goeie opbrengs nie, maar ons skep ook beleggingsgeleenthede wat 'n "**Legacy of Wealth**" kan verseker!

Die Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy bied aan die belegger die geleentheid om deel te word van die verstommende konsep wat vaste bates (eiendom) as grondslag het waarop 'n kommersiële konsep, gegrond op deeglike markontleding, logika en markbehoeftes, gebou is. Hierdie kommersiële konsep voorsien in 'n duidelike behoefte in ons land aan veilige en funksionele plekke waar ons geliefdes se oorskot bewaar kan word.

Dit verbind die opbrengswaarde van die konsep met die onafwendbaarheid van die dood. Vir die belegger bied dit 'n merkwaardige geleentheid om deel te neem aan die finansiering van 'n wonderlike projek wat andersins nie vir die algemene publiek toeganklik sou wees nie en beslis nie met so 'n uitsonderlike opbrengs en op so 'n belastingvriendelike wyse nie.

Die projek sal gefinansier word met fondse soos genereer deur hierdie aanbod. In ooreenstemming met die sakeplan word kapitaal nou verkry om voort te gaan met die volgende fase van die projek, naamlik die verkryging van die reeds operasionele Bloemfontein Memoriam asook die ontwikkelingsregte in Durban en Kaapstad. Daarna sal die Durban Avalon Memoriam en die Kaapstad Avalon Memoriam, tesame met die nodige infrastruktuur soos die Avalon Finansiële Dienste en Avalon Funerals Begrafnisondernemings streektakke in die onderskeie gebiede, ontwikkel word.

Hierdie proses sal onmiddellik die waarde van die Bloemfontein Memoriam verhoog deur dit te inkorporeer by 'n groter, nasionale netwerk van Memoriam ontwikkeling. Daarby sal die waarde van die vaste eiendom in Durban en Kaapstad onmiddellik verhoog word deur die ontwikkeling van die Durban Memoriam, gevolg deur dieselfde proses in Kaapstad.

Hierdie drie groei-elemente vorm die aanvanklike waardekomponent van die Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy.

Op dieselfde manier wat die waarde van die Bloemfontein Memoriam verhoog sal word deur die ontwikkeling in Durban en Kaapstad, sal die waarde van hierdie konsortium weer verhoog word deur die beplande ontwikkeling van soortgelyke memoriams in Gauteng en die Oos-Kaap.

Die sukses van die Memoriam word verseker deur die kritieke nasionale behoefte aan so 'n ontwikkeling, 'n behoefte wat reeds deur sowel die regering as verskeie kenners in die industrie geïdentifiseer is. Die gekombineerde krag van die kollektiewe ontwikkeling van drie Memoriam-projekte wat as eenheid funskioneer, sal die maatskappy vestig as markleier in die voorsiening van dienste in hierdie veld. Voorts sal dit ook die maatskappy vestig as die enigste verskaffer van hierdie diens met 'n nasionale profiel. Marknavorsing dui op 'n realistiese verwagting van beduidende verkope binne drie jaar na voltooiing van die projek en op versadiging kort daarna.

VOORTS WORD U KAPITAAL BEVEILIG DEUR DIE BEGRAFNISPLAN, SOWEL AS DEUR DIE TERUG-KOOP OOREENKOMS. KAPITALE **GROEI** WORD VERSEKER NIE ALLEEN DEUR DIESELFDE TERUG-KOOP OOREENKOMS NIE, MAAR OOK DEUR DIE GROEPSKEMA BEGRAFNISVERSEKERINGSPOLIS EN DIE INTRINSIEKE WAARDE VAN DIE 158 000 NISSE.

Sou u nie u regte op enige van die begrafnisplanne wat in u naam uitgereik word, opeis nie, sal u aandele deur Avalon Capital Corporation, of hul genomineerde, teruggekoop word, ses jaar ná die beleggingsdatum. Dit **waarborg** in effek 20% per jaar enkelvoudige kapitale groei oor 'n ses jaar-periode, met 'n reële beleggingsopbrengs van 220%.

Legacy Invest is trots op die assosiasie met Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy. Ons het volle vertroue in hul kommersiële en finansiële sukses. Ons vertroue word gegrond op deeglike marknavorsing, behoefte-ontleding en mededinger-analise. Enige beleggings in die maatskappy is gebaseer op dieselfde veronderstellings, lees dus die inligting soos vervat in hierdie prospektus sorgvuldig.


Sou u enige navrae aangaande Avalon Groep hê, besoek gerus die Avalon webwerf, by www.avalongroup.co, of kontak die Groepstrategie- en Beplanningskoördineerder, mnr Daniel Schubert, by 051 430 0085, of dschubert@avalongroup.co. Vir enige navrae in verband met hierdie prospektus, kontak asseblief ons Direkteur van Verkope, mnr Cobus van der Walt, by 051 430 0086.

Ek en my mede-direkteure beveel graag hierdie beleggingsgeleentheid met vrymoedigheid aan.

Die uwe

Herman Lombaard, Voorsitter

**SES JAAR BELEGGINGSOPBRENGS VERGELYKING**




Grafiek toon geprojekteerde opbrengs op 'n 6 jaar geldmarkbelegging teen 9% p.a. saamgesteld (huidge gemiddelde jaarlikse geldmarkopbrengs is 7%).

Grafiek toon geprojekteerde opbrengs op 'n 6 jaar gewaarborgde begiftiging belegging teen 10% p.a. saamgesteld (huidige gemiddelde jaarlikse opbrengs is 8%).


Grafiek toon opbrengs op 'n 6 jaar belegging in die Avalon Memoriam Investment Growth Plan teen 'n gewaarborgde 20% p.a., enkelvoudige rente.

Let daarop dat die Avalon Memoriam Investment Growth Plan 'n kapitale wins belasbare inkomste is, wat 'n aansienlike belastingvoordeel bied (na belasting) teenoor rente-gebaseerde beleggings .*

* Individuele marginale belastingskale moet in aanmerking geneem word .



*A legacy of wealth*


PRINSIPALE VENNOOT
Avalon Capital CC
BK Nommer 2010/058156/23
Voorheen bekend as Subcosync CC
Verantwoordelik vir:
PROJEKBESTUUR
OPERASIONELE BESTUUR
ONDERHOUDSBESTUUR
DIENSVLAK OOREENKOMS
TERUGKOOP OOREENKOMS
BEHERENDE MAATSKAPPY
Avalon Memoriam Investments 1 Limited
Registrasienommer 2010/005372/06
voorheen bekend as Eriobuzz (Edms) Bpk
DIE BEHERENDE MAATSKAPPY WAT DIE
192 000 AANDELE UITRYK
OUDITEURE
SAB&T
ARGITEKTE
De La Rey & Celliers
PROKUREURS
Cronjé & Buitendag Prokureurs
BANKIERS
Eerste Nasionale Bank Korporatief
BOUREKENAARS
Frik Jankowitz Van Zyl & Vennote
MAATSKAPPYSEKRETARIS
SAB&T
PROMOTOR
Dovetail Trading 509 CC
h/a
Legacy Invest
'n Gemagtigde
Finansiële Diensteverskaffer
FSB Lisensienommer 19653
AVALON MEMORIAM BLOEMFONTEIN (EDMS) BPK
Registrasienommer 2006/02166/07
48 000 Nisse
AVALON MEMORIAM DURBAN (EDMS) BPK
Registrasienommer 2007/012364/07
55 000 Nisse
AVALON MEMORIAM KAAPSTAD (EDMS) BPK
Registrasienommer 2010/006209/07
55 000 Nisse
AANVERWANTE DIENSTEVERSKAFFERS
AVALON FUNERALS BLOEMFONTEIN
AVALON FUNERALS DURBAN
AVALON FUNERALS KAAPSTAD
AVALON FINANCIAL SERVICES
AVALON FINANCIAL SERVICES
AVALON FINANCIAL SERVICES
QUICK BODY REMOVALS
QUICK BODY REMOVALS
QUICK BODY REMOVALS


Avalon
MEMORIAM

# INHOUDSOPGAWE

Vertroulikheidsklousule

1. Brief van die Voorsitter 1
   - *Vergelykende ses jaar opbrengs-grafiek* *3*
   - *Organogram* *4*

Inhoudsopgawe 6

Missiestelling 7

Etiese kode 8

2. Projek oorsig 9
   - *Bedryfsimpak-analise* *9*
   - *Begraafplaas / Memoriam vergelykings* *11*
   - *Begraafplaas versadiging / sterftesyfer analise-grafiek* *13*
   - *Beleggingsgeleentheid* *14*
   - *Gewaarborgde terug-koop* *15*
   - *Kapitale Wins Belastingtabel* *16*

3. Sakeplan 18
   - *Markontleding* *20*
   - *Verkoopsmeganismes* *22*

4. Finansiële oorsig 23
   - *Ses jaar gekombineerde verkope projeksie tabel* *24*
   - *Gewaarborgde terug-koop besonderhede* *25*
   - *Uiteensetting van bateverkrygingskoste* *25*

5. Vrae en Antwoorde 27
   - *Administrasieproses* *27*
   - *Belasting* *28*
   - *Aandele* *29*
   - *Beleggingsekuriteit* *29*
   - *Ouditeure* *31*
   - *Prokureurs* *31*
   - *Algemeen* *31*
   - *Makelaars* *33*
   - *Verkope* *34*

**MISSIESTELLING**

Legacy Invest streef daarna om die toonaangewende en mees omvattende promoter van ongenoteerde finansiële aandele in OPENBARE DEELNAME MAATSKAPPYE, wat innoverend, uniek en logies winsgewend is, te wees.

Legacy Invest verbind hulself tot die skepping van beleggings-geleenthede in OPENBARE DEELNAME MAATSKAPPYE wat kapitale sekuriteit met reële beleggingsopbrengs kombineer.



**ETIESE KODE**

***Selektiewe Verkryging van Beleggingsgeleenthede***

Die seleksie van beleggingsgeleenthede moet te alle tye voldoen aan die strengste standaarde ten opsigte van die volgende kriteria:

- Hoë vlak van reële beleggingsopbrengs
- Winsgewendheid gebaseer op gesonde, logiese analise
- Innoverende sakegeleenthede
- Sekuriteit van kapitale belegging

***Deurlopende Betrokkenheid en Toesig oor Projekte***

Legacy Invest is verbind tot verantwoordelikheid teenoor die belegger. Ons bly integraal betrokke by alle projekte, terwyl ons voortdurend verseker dat alles nodig gedoen word om die belegger se kapitaal te beveilig en reële beleggingsopbrengs te lewer aan die einde van die beleggingstermyn.

***Streng nakoming van Akkreditasie Wetgewing***

Alle finansiële adviseurs, makelaars en bemarkers wat betrokke is by enige Legacy Invest-produk, moet oor 1.8 en 1.10 akkreditasie by die FDR beskik.

Alle makelaarsnetwerke wat betrokke raak by enige Legacy Invest-produk, moet verseker dat hul lede 1.8 en 1.10 akkreditasie by die FDR het, voordat hulle toegelaat sal word om 'n Legacy Invest-produk te bemark.

***Belegger Bewustheid***

Bo en behalwe die feit dat ons beleggers diens ontvang van makelaars en bemarkers wat gekwalifiseerd en opgelei is om ons produk te bemark, is dit ook ons strewe om die belegger toe te rus met omvattende kennis en inligting rondom enige belegging wat gemaak word. Om te verseker dat die belegger ten volle ingelig is, bied ons aan elke belegger 'n volledige prospektus om te bestudeer.

***Lojaliteit teenoor die Belegger***

Legacy Invest beskou dit as sy plig om die belange van die die belegger as prioriteit bo enige ander behoeftes te stel. Ons beleggers word beskou as ons lewensbloed en ons onderneem om hul belange op die hart te dra vir die volle termyn van hul belegging en nie slegs tydens aanvang nie.

***Opleiding van Personeel***

All personeel van Legacy Invest moet oor genoegsame opleiding beskik, sodat hulle kenners op hul onderskeie terreine kan wees. Sodoende sal verseker word dat hulle oor die vermoë beskik om die beste beleggingsmoontlikhede te identifiseer en die belegger van kundige inligting oor hierdie moontlikhede te voorsien.

## 2. PROJEK OORSIG

Ons “lewende planeet” kan nie langer sy afgestorwenes onderhou nie.

Dit geld vir die hele aardbol en is 'n groeiende probleem in Suid-Afrika. Te midde van 'n kritieke tekort aan beskikbare grond vir nuwe begraafplase in ons oor-ontwikkelde stedelike gebiede, word die probleem vererger deur grafskenders, vandale en okkult geïnspireerde en gewelddadige kriminele met die oog op “sagte” teikens.

Voeg hierby die ontsaglike impak van massagrafte op ons brose ekologie, Suid-Afrika se snel groeiende bevolking , nie net lewend nie, maar ook afgestorwe, en dit word duidelik dat 'n dwingende krisis ons in die gesig staar. Die onmiskenbare impak van VIGS op ons bevolking dra by om die krisis te vererger.

Die VN VIGS Verslag van 2008 stel dit as volg:

- “...(AIDS) reduces life expectancy by more than 20 years”
- “In sub-Saharan Africa alone, nearly 12 million children (are) orphaned by AIDS”

In Suid-Afrika alleen het die sterftesyfer (weens verskeie oorsake) tussen 1997 en 2005 met 87% toegeneem en minstens 40% van sterftes word aan VIGS toegeskryf. Selfs as gewerk word op 'n nul eskalasie in die jaarlikse sterftesyfer, beteken die blote feit dat die bevolking konstant groei, 'n konstante toename in sterfgevalle per jaar.

In 'n verslag aan die eThekweni Metroraad, stel mnr Thembinkosi Ngcobo, president van die Nasionale Instituut van Omgewings- en Ontspanningsbestuur dit as volg: *“South Africa's big cities are running out of space for cemeteries and tough decisions will have to be made soon on whether municipalities can continue to provide public burial grounds 'as we know them today. New solutions are needed”.*

Om die erns van die probleem in perspektief te plaas, hoef 'n mens bloot na die volgende feite te kyk:

Van die 53 munisipale begraafplase in die eThekweni streek, is 98% reeds vol (met ander woorde 52 uit die 53 is reeds vol). Daar word geskat dat meer as 120 000 $m^2$ grond JAARLIKS benodig sal word om in die toenemende aanvraag na grafte te voorsien.

Ook in Kaapstad is begraafplase 'n dwingende probleem, veral ten opsigte van beskikbare grond en omgewingskwessies. Die Kaapse Metroraad is konstant op soek na uitvoerbare oplossings vir die probleem. 'n Menigte koerantberigte oor die toestand van oorvol begraafplase in Gauteng dui daarop dat dieselfde probleem in Johannesburg en Pretoria bestaan, waar verskeie munisipale begraafplase gesluit moes word as gevolg van die feit dat hulle vol is.

Die krisis word vererger deur die toenemende aantal sterftes en die afnemende beskikbaarheid van grond vir nuwe grafte, asook die ander negatiewe aspekte rondom begraafplase (soos hierbo genoem). Ons word genoop om die begrafnis situasie te herevalueer en met uitvoerbare en aanvaarbare alternatiewe vorendag te kom.

Dit is 'n feit dat selfs die mees tradisie-vaste individue in die samelewing uiteindelik alternatiewe metodes sal moet vind vir die tradisionele begrafnis. Dit is ook duidelik dat die krisis op sy hewigste is in die digbevolkte stede van ons land soos eThekweni, Gauteng, Kaapstad en ander groot stede.

Hierdie groot stedelike sentra gaan gebuk onder 'n gebrek aan ruimte en hoë misdaadsyfers. Voorts raak die bevolking van hierdie groot stede toenemend meer pragmaties, vanaf basiese lewensstyl en gewoontes tot die beoefening van tradisionele praktyke. Die inwoners van groot stede, alle rasse ingesluit, moet saamleef met die stygende koste van grond, die toename in misdaad en 'n dolle, gejaagde leefstyl. Dit lei daartoe dat hulle meer vatbaar is vir alternatiewe in verskeie aspekte van hul lewens, ook begrafnisse, solank as wat hierdie alternatiewe 'n effektiewe en verbeterde oplossing van die probleem is.

Estetiese waarde, veiligheid en aandag aan instandhouding, sonder hemelhoë koste, is almal faktore wat toenemend in aanvraag is, maar ontbreek ongelukkig in die meeste gevalle. Dit is duidelik dat KWALITEIT, BEKOSTIGBAARHEID en bo alles WAARDIGHEID vandag die kernwoorde is.

Die Avalon Memoriam konsep is verreweg die mees innoverende en omvattende alternatief vir die tradisionele begrafnis wat tans bestaan. Dit is gebaseer op verassing, maar die konsep strek veel verder. Benewens die feit dat dit die mees hulpbron- en omgewingsvriendelike begrafnisprojek in Suid-Afrika is, vergestalt dit ook ons verbintenis om waarde toe te voeg, nie alleen aan die mense van Suid-Afrika nie, maar aan die land self. Ons bied 'n begrafnisalternatief met 'n **99%** besparing en met die volgende kernwaardes:

- natuurlike hulpbron bestuur,
- omgewingsbeheer,
- opheffing van die gemeenskap,
- verfraaiing van die omgewing,
- voorkoming van misdaad,
- skepping van monumente wat die nagedagtenis van ons geliefdes en voorvaders eerbiedig,
- 'n langtermyn onderhoudsprogram wat self volhoubaar is,
- en bo alles, die herstel van WAARDIGHEID in 'n aspek van stadslewe waar waardigheid jammerlik ontbreek.

Sommige mense neem aan dat daar vanselfsprekend kulturele vooroordeel bestaan wanneer verassing ter sprake kom, maar die waarheid is dat gemeenskappe dwarsdeur die land hierdie metode toenemend verwelkom - deels as noodsaak, maar ook as gevolg van 'n evolusie van idees en persepsies.

Mnr Khahliso Pitso, stigter en hoof uitvoerende beampte van My Flow Media, het dit baie duidelik gestel toe hy gesê het: "I am not divorcing my African culture. Anyone who feels that they are divorcing their African culture by getting cremated should ask themselves: are we still wearing tsheya or thethana that we used to wear? Are we still staying in the dwellings that we used to stay in? No! I wear a suit and I eat with a fork and knife. I drive a car. I cannot walk everywhere, as I shall never get to my meetings! Things have transformed. I am still an African, but those are the dynamics of life at the moment. For special cultural festivities, we still do cultural things and sometimes I wish that things were still the same, but they are not."

Hierdie uitgangspunt ondersteun ons aanspraak dat Avalon Memoriam 'n lewensvatbare en noodsaaklike ontwikkeling is vir die verbetering van die lewensgehalte van al die rasse waaruit die tapisserie van stedelike Suid-Afrika bestaan.

Eenvoudig gestel: ons begraafplase is nie meer voldoende nie, nie ten opsigte van beskikbare grond nie en ook nie ten opsigte van voorkoms nie en beslis nie ten opsigte van volhoubaarheid nie. Dit is ongelukkig waar dat ons in 'n gewoonte van verwaarlosing en onverskilligheid verval het wat ons begraafplase betref. Wat voorheen as 'n heilige plek beskou is, is vandag 'n verleentheid met 'n gebrek aan waardigheid.

**Moet u stoflike oorskot só bewaar word?**




Die Avalon Memoriam-projek bied 'n VEILIGE, ELEGANTE en WAARDIGE alternatief.

**'n Foto wat boekdele spreek.**



Daar bestaan geen twyfel dat almal wat die brosjure tot hier gelees het, oortuig is daarvan dat die Avalon Memoriam Projek 'n reuse sukses sal wees nie, maar die vraag is steeds:

WAAR IS DIE BELEGGINGSGELEENTHEID HIERIN?

Die antwoord is eenvoudig. Avalon Memoriam is besig om die hele begrafnisstruktuur op revolusionere wyse te hervorm, om weer waardes in te stel wat duidelik agterweë gebly het. Buiten die estetiese aspek wat Avalon Memoriam onderskei van enige ander begrafnissisteem, bied ons ook 'n omvattende diens aan die gemeenskap, 'n diens wat die verlore waardigheid van die proses herstel.


Boonop bied Avalon Memoriam hierdie superieure diens teen sulke bekostigbare tariewe dat 'n basiese Memoriam begrafnis 20 % – 30% minder as 'n tradisionele begrafnis met 'n gemiddelde grafsteen sal kos.

'n Ander belangrike kenmerk van Avalon Memoriam, is dat so min ruimte benodig word dat hierdie mooi strukture binne stedelike gebiede opgerig kan word. Dit beteken beter veiligheid, maklike toeganklikheid en selfs 'n vermindering in reiskoste – 'n besliste voordeel in vandag se moeilike ekonomiese omstandighede.

Ten laaste: alhoewel Avalon Memoriam oor 'n magdom voordele beskik, is dit 'n onwrikbare feit dat verassing 'n gegewe geword het, of jy ten gunste daarvan is of nie. Die begraafplase in die stedelike gebiede is nie alleen onversorg, gevaarlik en onuitstaanbaar nie, maar MUNISIPALE BEGRAAFPLASE IN GROOT STEDE IS FEITELIK ALMAL VOL, wat beteken dat daar eenvoudg na ander alternatiewe gekyk sal MOET word.








Die bostaande grafiek identifiseer drie primêre faktore in die begrafnis vergelyking:

1. Die groen lyn toon die sterftesyfer in SA aan, gebaseer op sterftesyfers soos verskaf deur die Statistikus-generaal.
   Die toekomstige sterftesyfer word bereken op die veronderstelling dat dit 'n konstante ratio van die bevolking is. Aangesien die Suid-Afrikaanse bevolking eksponensieel vermeeder, is dit logies dat die sterftesyfer dieselfde sal doen. Om te verseker dat ons geprojekteerde syfers konserwatief bly, het ons die addisionele impak van VIGS en ander chroniese siektes op die gemiddelde sterftesyfer, buite rekening gelaat.
2. Die rooi lyn toon die beskikbaarheid van grafte aan. Hierdie grafiek is gebaseer op huidige getalle en amptelike verslae oor die beskikbaarheid van grafte in begraafplase. Ons het weereens, in 'n poging om konserwatief te bly, die munisipale begrafnisdienste se vermoë om NUWE grafte te voorsien (deur nuwe begraafplase te ontwikkel) op 220 000 grafte jaarliks bereken.
3. Ten slotte toon die blou lyn die aantal verassings aan, soos dit huidig daar uitsien. Ons het die verassingsgemiddeld as 'n vaste ratio van die totale sterftesyfer bereken. Dit is weereens 'n baie konserwatiewe berekening, aangesien die verassingsyfers (weens die toenemend negatiewe toestande rondom munisipale begraafplase) in praktyk dramaties toeneem.

Selfs al is al die bostaande syfers uiters konserwatief bereken, dui 'n vergelyking van die Steftesyfer-grafiek teenoor die Beskikbaarheid-van-grafte-grafiek duidelik daarop dat 'n tekort van meer as EEN MILJOEN grafte per jaar in die nabye toekoms ondervind sal word.

Alhoewel dit na 'n ongelooflike stelling mag klink, is die ontsaglike omvang van hierdie probleem ongelukkig 'n feit. Die versadiging van begraafplase in Suid-Afrika het 'n uiters kritieke punt bereik as gevolg van die eskponensiële toename in die bevolking wat aanleiding gee tot 'n eksponensiële toename in sterftes. In die notule van die Nasionale Begraafplaas en Krematoria Werkswinkel wat deur die eThekweni Munisipaliteit gehou is op 03 & 04/ 09/2007, het die president van die Nasionale Instituut van Omgewings- en Ontspanningsbestuur, mnr Tembinkosi Ngcobo, gesê dat die getal begrafnisse in eThekweni oor die afgelope paar jaar toegeneem het van **90 tot 1000 per naweek**. Boonop dui 'n verslag soos opgestel vir die KwaZulu Natal Stads- en Streeksbeplanningskommissie - (Ruimtelike Beplanning, Landelike ontwikkeling en Grondgebruiksbestuur in 'n MIV en VIGS- konteks) op die volgende:

– VIGS-verwante sterftes sal waarskynlik tot 600 per 10 000 mense styg in 2010.

**Dit verteenwoordig 'n 500% toename in die aanvraag na nuwe grafte binne die volgende paar jaar.**

'n 500% toename in die aanvraag na grafte in 'n omgewing waar begraafplase versadigingspunt bereik het en min of geen voorsiening gemaak is vir die uitbreiding van begraafplase. Om op te som: in Suid-Afrika is slegs 20% van die grond geskik vir landbou en nou moet hierdie relatiewe klein hoeveelheid beskikbare grond ook voorsien in die vraag na grond vir grafte – 'n onmoontlike situasie.

Ten slotte: ruimte is nie die enigste probleem nie. Groeiende sterftesyfers laat nasionale begraafplase met ander munisipale dienste meeding om finansiering. As in ag geneem word dat begraafplase 'n sub-departement van Parke & Begraafplase is, wat weer 'n onderafdeling van die Departement van Toerisme is, is dit duidelik dat hierdie 'n stryd is wat begraafplase nie gaan wen nie. Die resultaat is 'n groeiende afwaartse spiraal wat 'n duidelike en kritieke behoefte oor die hele Suid-Afrika verteenwoordig.

EN DIS HIER WAAR DIE GELEENTHEID IS!

'n Projek wat 'n noodsaaklike diens kan lewer, op nasionale vlak, binne 'n stewige kommersiële raamwerk, is inderdaad 'n magtige kommersiële instrument. Die konsep is uiters elegant in sy suiwer eenvoud. Die Memoriam, of Verassingsmonument, verteenwoordig die visuele element van die oefening. Maar soos met alle begraafplase, bied hierdie element op sy eie, beperkte kommersiële opbrengs as gevolg van die beperkte blootstelling aan die algemene publiek.

Hierdie probleem word egter opgelos deur die insluiting van Avalon Funerals in die model. Omdat Avalon Funerals oor die dienste van kundige begrafnisondernemers met internasionale akkreditasie en 'n streng etiese kode beskik, beteken dit dat Avalon Funerals Begrafnisondernemers geposisioneer is om 'n diensverskaffer met onmiddellike en duidelike sigbaarheid te word. Avalon Funerals sal 'n direkte en konstante interaksie met die gemeenskappe wat deur die Memoriam bedien word, hê. Op hierdie manier word die bemarkbaarheid van die Memoriam verhoog en waarborg dit 'n konstante inkomste.

Maar hierdie simbiose op sig self, is nie genoeg om die uitstekende opbrengs te lewer wat ons met trots aan u bied nie. Hierdie opbrengs word gelewer deur die insluiting van 'n derde element. Avalon Financial Services het 'n nuwe manier van begrafnisversekering geloods, wat so innoverend in sy finansiële ontwerp is, soos die Memoriam in sy argitektuur. Die Avalon Funerals Groepskema, onderskryf deur 'n groot versekeringsinstansie, is ook 'n eerste in die bedryf. Dit bied steeds begrafnisversekeringsdekking, maar dit is geskoei op dieselfde beginsels as 'n lewensversekeringspakket. Op hierdie wyse word begrafnisdekking na 'n nuwe vlak geneem en daar word voorsien in die lewensbehoeftes van die moderne 21ste eeu en mense se verwagtinge van kwaliteit, diens en waarde. Dit bring dan 'n ander, reuse sektor na die tafel – die lewering van 'n noodsaaklike diens deur versekering teen die vernietigende onkoste van 'n begrafnis te voorsien.

Dit is 'n kombinasie van hierdie drie fasette, die Avalon Memoriam Monument, die Avalon Funerals Begrafnisonderneming en die Avalon Funerals Groepskema, wat die drie pilare van inkomste vorm, met 'n gesamentlike opbrengs van 220% op u belegging. U gewaarborgde opbrengs is die resultaat van die lewering van noodsaaklike dienste teen bekostigbare tariewe, die herinstelling van WAARDIGHEID en gerugsteun deur die onmiskenbare gebrek aan alternatiewe oplossings.

Inderwaarheid het die projek so 'n gesonde finansiële vooruitsig, dat ons onsself deur middel van 'n ooreenkoms met Avalon Capital Corporation verbind het tot die bestuur en volhoubaarheid van die onderskeie Memoriams wat ons beoog om in Suid-Afrika te ontwikkel, oor die volgende paar dekades, sodat daar geen addisionele onkoste vir die publiek sal wees nie.

Soos meer volledig in die volgende hoofstukke, die Sakeplan en die Finansiële Oorsig, verduidelik sal word, sal die projek vir hierdie aanbod, Avalon Memoriam Investments 1 Beperk, Bloemfontein, Durban en Kaapstad insluit – die redes waarom daar op hierdie drie stede besluit is, sal ook in die opvolgende hoofstukke bespreek word. Dit is egter slegs die eerste projek. In totaal beplan ons nie minder nie as 10 addisionele Memoriams in al die groot stede van Suid-Afrika oor die volgende paar jaar. Dit sal Avalon vestig as 'n sterk nasionale handelsnaam met al die voordele wat so 'n nasionale handelsnaam kenmerk.

Sou daar egter enige onsekerheid bestaan, kan u verseker wees dat beide u kapitaal, asook die 220% opbrengs op u belegging wat ons u bied, volkome veilig is. Om die waarheid te sê, beide u kapitaal ASOOK U GROEI, WORD GEWAARBORG. Deesdae kry 'n mens beleggingsgeleenthede waar die opbrengs as “geprojekteer” en die winste as “verwag” beskryf word, wat die belegger bloot laat hoop vir die beste! Van sulke beleggings sê ons Voorsitter:

*“Enige opbrengs uit sulke projekte is bloot 'n gelukkige toeval vir die belegger.”*

By Legacy Invest, word ons projekte fyn bestudeer en dopgehou om te versker dat dit NOOIT die geval is met enige produk wat ons aan die publiek bied nie.

Dit is waarom u belegging in hierdie projek beveilig word deur DRIE afsonderlike strukture. Eerstens word elke R15 000.00-belegging dadelik gekoppel aan 'n basiese Begrafnisplan deur Avalon Funerals Begrafnisondernemers – m.a.w. 'n diensgebaseerde komponent van die plan met onmiddellike waarde. Tweedens is daar die Gewaarborgde Terugkoop-ooreenkoms wat in werking tree sou die projek om een of ander rede nie die sukses behaal wat verwag word nie. Hiervolgens waarborg Avalon Capital Corporation (die nasionale ontwikkelaar van hierdie projek) om u aandele in Avalon Memoriam Investments 1 Beperk, sonder voorbehoud, na 72 maande, terug te koop teen die 220% reële beleggingsopbrengs wat u normaalweg sou verdien het. Aangesien Avalon Capital Corporation die houer van die ontwikkelingsregte is en beoog om Avalon Memoriam landswyd te ontwikkel, het hul Terug-koopwaarborg helder en duidelike substansie. Die derde integrale deel van die sakemodel is die Groepskema Begrafnisversekering. Elke begrafnispolis wat uitgeneem word, het inherente finansiële waarde. Hierdie waarde, saamgestel oor 'n aansienlike aantal polisse, gee nog meer finansiële krag aan die maatskappy.

En nou is daar DRIE sekerhede in die lewe: Daar is die dood en daar is belasting, ja, maar daar is ook ons WAARBORG dat u u beloofde opbrengs sal kry – sonder twyfel!

Tesame met die versekerde opbrengs van 220% op u belegging aan die einde van die 72 maand-termyn, is dit belangrik om die belastingimplikasie op u belegging in ag te neem. Anders as rente-gebaseerde beleggingsmodelle, waar alle kapitale groei belasbaar is, is u belegging in Avalon Memoriam Investments 1 Beperk gestruktureer om so belastingvoordelig as moontlik te wees. Aangesien die bron van u opbrengs op belegging in der waarheid die verkoop van aandele is (deur die Terug-koop ooreenkoms), word die kapitale groei as kapitale wins beskou.

U belegging in Avalon Memoriam Investments 1 Beperk is gestruktureer om so belastingvoordelig as moontlik te wees. Aangesien die opbrengs op u belegging afkomstig van die verkoop van aandele (deur die Terug-koop ooreenkoms is), word u kapitale groei as Kapitale Wins beskou, wat daartoe lei dat belasbaarheid op ongeveer 8% bereken word (sien die tabel op bladsy 16).*

* *Hierdie waarde sal van persoon tot persoon verskil. Indien u onseker is omtrent u persoonlike belasbaarheidskaal, bespreek dit gerus met 'n professionele belastingkonsultant.*

As Kapitale Wins, is die groei op u belegging belasbaar op die volgende manier:

**1. Die eerste berekening is: Wat is u Jaarlikse Uitsluitingstoelaag:**

In elke aanslagjaar, word daar 'n bedrag deur SARS bereken op die som van u kapitale wins en verlies wat die "jaarlikse uitsluiting" genoem word en wat vrygestel word in die berekening van Kapitale Wins Belasting. Hieronder is 'n opsomming van die jaarlikse uitsluitingsbedrae (toegepas in verskillende aanslagjare):

**KAPITALE WINS-BELASTING UITSLUITNGSTABELLE**

| AANSLAGJAAR | UITSLUITING | UITSLUITING IN JAAR VAN AFSTERWE |
|---|---|---|
| 2010 | R17 500 | R120 000 |
| 2009 | R16 000 | R120 000 |
| 2008 | R15 000 | R120 000 |
| 2007 | R12 500 | R100 000 |
| 2006 | R10 000 | R 50 000 |

*Bron: The ABC of CGT for individuals; South African Revenue Services*

**Nota:** Die jaarlikse uitsluitingsbedrag vermeerder in die jaar waarin die persoon tot sterwe kom. As die somtotaal van kapitale wins en verlies berekening op 'n netto verlies uitwerk, dan moet daardie verlies ook verminder word deur die jaarlikse uitsluiting.

**2. Die tweede berekening wat u moet maak is: Watter gedeelte van kapitale wins is wel belasbaar:**

'n Individu se belasbare kapitale wins vir 'n aanslagjaar word as volg bereken:

a) In die geval van 'n individu of spesiale trust, 25% van die netto kapitale wins gedurende die aanslagjaar.

b) In die geval van 'n maatskappy, beslote korporasie of trust, 50% van die netto kapitale wins gedurende die aanslagjaar.

**VOORBEELD VAN KAPITALE WINS BELASTING**

'n Individu bekom aandele vir beleggingsdoeleindes ter waarde van R100 000.00 gedurende 2010 en verhandel hulle teen R220 000 in die 2011-belastingaanslagjaar.

| | | |
|---|---|---|
| **Verhandeling** | Verkoop van aandele | |
| **Uitsluiting** | Nie van toepassing, aandele verhandel word nie spesifiek uitgesluit nie. | |
| **Kapitale wins** | Opbrengs | **R220 000.00** |
| | *Minus:* Basiese koste | **(R100 000.00)** |
| | Kapitale wins | **R120 000.00** |
| **Jaarlikse uitsluiting** | *Minus:* Jaarlikse uitsluiting | **(R17 500.00)** |

Die uitsluiting van R17 500.00 is van toepassing op die natuurlike person.

**Netto kapitale wins** **R102 500.00**

Insluitingskoers = 25%

**BELASBARE KAPITALE WINS** = **25% x R102 500.00**

= **R 25 625.00**

*Bron: The ABC of CGT for individuals; South African Revenue Services*

- Die belasbare kapitale wins op R25 625.00 moet by die belasbare inkomste ingesluit word.

- Die marginale belastingkoers word dan toegepas, wat verskil van persoon tot persoon.

- Met 'n veronderstelde marginale belastingkoers van 25%, is die **berekende** inkomstebelasting op die R120 000.00 kapitale groei dus R6 406.25.

- Met 'n veronderstelde marginale belastingkoers van 40%, is die **berekende** inkomstebelasting op die R120 000.00 kapitale groei dus R10 250.00.

*Selfs in 'n geval waar die hoogste marginale belastingsskaal gebruik word, is die netto belasting betaalbaar op die R120 000.00 kapitale wins, ('n R220 000.00 opbrengs op belegging van 'n R100 000.00 aanvanklike belegging), slegs 8.54%.*

Bostaande berekeninge is gebaseer op die huidige SARS regulasies. Legacy Invest kan nie aanspreeklik gehou word vir enige toekomstige veranderinge in wetgewing wat hierdie berekeninge mag beïnvloed nie.










**3. SAKEPLAN**

Soos genoem in die Projekoorsig, is die finale doelwit van die totale projek, die skep van 'n nasionale netwerk van 10 of meer Avalon Memoriams in die land, met die nodige strukture van ondersteuning - Avalon Funerals Begrafnisondernemers, Avalon Finansiële Dienste en QBR – in elke stad. Wanneer dit gevestig is, sal die gesamentlike teenwoordigheid en dienslewering van die Avalon handelsnaam eksponensieel toeneem, wat nie alleen die langtermyn sukses van die groep as geheel sal verseker nie, maar ook die opbrengs op belegging van elke Avalon Memoriam belegger.

Die eerste deel van hierdie nasionale netwerk is die gesamentlike ontwikkeling van die Avalon Memoriam netwerk in Durban, Kaapstad en Bloemfontein. Die doelwit van Avalon Memoriam Investments 1 Beperk is die skep van 'n projek, eerste in sy soort, wat 'n veilige en esteties aantreklike memoriam binne 'n stedelike omgewing, teen bekostigbare pryse bied.

Daaropvolgende Avalon Memoriam beleggingskoalisies sal verseker dat hierdie unieke projek regdeur die land gevestig word.

Soos in die Finansiële Oorsig verduidelik sal word, benodig Avalon Memoriam Investments 1 Beperk 'n totale bedrag van R192 000 000.00. Hierdie kapitaal sal as volg aangewend word:

1. Die aankoop van die Avalon Memoriam Bloemfontein, wat 'n noodsaaklike eerste stap is aangesien die Bloemfontein Memoriam, met sy ondersteuningsmeganismes reeds gevestig is en funksioneer as 'n lopende besigheidsinstansie, wat dus aan ons onmiddellike operasionele gereedheid sal gee.

   Soos op die foto's hieronder gesien kan word, is die Bloemfontein Avalon Memoriam 'n pragtige ontwikkeling, omhul in rustigheid en waardigheid.



2. Die ontwikkeling van die nuwe URBAN DESIGN Avalon Memoriam in Durban. Hier sal gebruik gemaak word van die verbeterde ontwerp van ons argitekte, steeds gebaseer op dieselfde fundamentele beginsels, maar met 'n verhoogde gevoel dat die Memoriam 'n heilige plek met kragtige spirituele elemente is – 'n ware monument om ons voorvaders en geliefdes te vereer.



3. Die ontwikkeling van 'n soortgelyke URBAN DESIGN Avalon Memoriam in Kaapstad.



By die voltooiing van die ontwikkelings in Durban en Kaapstad, het die Avalon Memoriam Investments 1 maatskappy sy ontwikkelingsdoelwitte bereik, en sal dan geposisioneer wees om te kapitaliseer op die Avalon Memoriamnetwerk in drie provinsies. Teen hierdie tyd sal die skepping van die beloofde opbrengs op u belegging in volle swang wees.

Daar bestaan 'n erkende handelskonsep dat die volgende faktore noodsaaklik is vir die skepping van 'n volhoubare besigheid:
Daar moet aanvraag wees;
Die produk moet lewensvatbaar wees;
Pryse moet bekostigbaar wees;
'n Suksesvolle bemarkingstrategie moet gevolg word.

**Wat aanvraag betref** is die onuithoudbare situasie rondom munisipale begraafplase 'n onmiskenbare feit. Munisipale begraafplase word met 'n menigte probleme gekonfronteer, waarvan die volgende die belangrikste is:

- Onbeskikbaarheid van nuwe grafte

  Dit is die hoofprobleem van die huidige begrafnisstelsel en konfronteer ons met die dilemma: hoe gemaak as die munisipale begraafplase almal versadigingspunt bereik het?

  Dit is 'n baie ernstige kwessie, as in ag geneem word dat die meeste begraafplase in groter stede (en baie van dié in kleiner dorpe ook) byna vol is en daar geen alternatiewe oplossings vir die probleem beskikbaar is nie.

- Wetlike beperkings op nuwe begraafplaasontwikkeling

  Om te verseker dat enige voornemende begraafplaasontwikkeling nie 'n gesondheids- en omgewingsgevaar inhou nie (weens die giftige aard van nekrotiese ontbinding), vereis Suid-Afrikaanse wetgewing dat 'n omgewingsimpakstudie van minstens VYF JAAR gedoen moet word op alle grond wat ge-oormerk is vir begraafplaasontwikkeling. Dit is 'n uitstekende wet ten opsigte van Openbare Gesondheid, maar hou niks goeds in vir die onmiddellike begraafplaasprobleem nie. Dit is belangrik om daarop te wys dat die Avalon Memoriam ontwikkeling nie deur hierdie wetgewing geraak word nie, omdat daar geen sprake van omgewingsbesoedeling is nie.

- Gebrek aan Infrastruktuur

  Dit sal onregverdig wees om te veralgemeen, maar alhoewel sommige munisipaliteite 'n poging aanwend om begraafplase in stand te hou, beskik die meeste van hulle nie oor die nodige infrastruktuur om dit te doen nie. Dit spruit enersyds uit 'n apatiese ingesteldheid en andersyds uit gebrekkige fondse om begraafplase in stand te hou. Die gevolg hiervan is onversorgde munisipale begraafplase met weinig (indien enige) sekuriteit. Rekordhouding laat veel te wense oor, soos enige iemand wat al 'n spesifieke graf probeer opspoor het, kan getuig. Dit word alles vererger deur die onbeskikbaarheid van grafte en bitter min wat gedoen word ten opsigte van 'n volhoubare instandhoudingsprogram.

- Misdaad-teikens

  As gevolg van die afgeleë aard van begraafplase, met min verkeer, bied dit die ideale omgewing vir

misdadigers, soos duidelik blyk uit verslae wat dui op toenemende kriminele aktiwiteite in begraafplase. Hierdie misdade wissel van diefstal tot moord. Die feit dat 'n Avalon Memoriam gebou kan word op 2 000 m² grond binne 'n besige voorstad, skakel uiteraard al hierdie veiligheidsrisiko's uit.

- Synde kusstede, het sowel Durban as Kaapstad 'n ernstige gebrek aan beskikbare grond, aangesien hul beskikbare grond gehalveer word deur hul topografie. Dit verseker dus dat 'n ontwikkeling wat die aanvraag na grond met 99% verminder, gunstig ontvang sal word deur beide die publiek en die plaaslike munisipale owerhede.

- Durban is die ideale kandidaat vir die oprigting van die volgende Avalon Memoriam, omdat daar reeds 'n kritieke tekort aan leë grafte bestaan. Durban het 22 begraafplase waarvan slegs 2 nog grafte beskikbaar het!

- Die tempo van informele begrafnisse in hierdie area het reeds katastrofiese afmetings aangeneem. In 'n onderhoud met Liz Clark van die Daily News, het 'n woordvoerder van die departement van Binnelandse Sake gesê dat slegs 400 amptelike begrafnisse per maand gehou word vir elke 2000 aangetekende sterftes in die Umgungundlovu streek. Dit beteken dat meer as 1500 lyke PER MAAND op informele wyse (nie in begraafplase nie) begrawe word. In die meeste gevalle word die oorledenes op informele wyse naby hul huise begrawe, sonder dat faktore soos waterbesoedeling hoegenaamd in ag geneem word.

- Alhoewel die krisis in Kaapstad nie so hoog is nie, bestaan daar geen twyfel dat die probleem ook hier baie ernstig is nie. Kaapstad het een van die hoogste verassingssyfers in die land, wat dit geskik maak om een van die eerste stede te word om voordeel te trek uit die Avalon Memoriamkonsep.

Slegs die grootste probleemfaktore is hierbo uitgelig, maar die droewige prentjie wat geskets is, dui duidelik daarop dat daar 'n besliste en dwingende behoefte aan, en mark vir, die Avalon Memoriam ontwikkeling is.

Wat die **lewensvatbaarheid van die produk** betref, bestaan daar geen twyfel dat die volgende primêre faktore dit 'n gegewe maak nie: die estetiese aansig van die Memoriam, die serene rustigheid by die Memoriam, die veiligheid en sekuriteit van die omgewing en die waardigheid en respek waarmee die stoflike oorskot van geliefdes behandel word. As al die voorafgaande gekombineer word met die voordeel van moderne data herwinningsisteme, wêreldgehalte infrastruktuur en 'n volhoubare instandhoudings-program oor baie dekades, is die antwoord op die lewensvatbaarheidsvraag 'n besliste “JA”.

Tesame met die bogenoemde, voor-die-hand-liggende voordele, is daar ook verskeie ander voordele. Die feit dat slegs 2 000 m² grond vir die nuwe Memoriamontwerp benodig word, sowel as geen omgewingsimpak effek, beteken dat die Memoriam binne stedelike gebied ontwikkel kan word. Enige omgewing sal verfraai word deur die pragtige uiterlike voorkoms van die struktuur, om nie eens te praat van die kostebesparing wat die gemak waarmee dit opgespoor en bereik kan word, asook die verhoogde veiligheid en sekuriteit binne 'n stedelike gebied, meebring nie.

Die bykomende voordeel van private sekuriteit en toegangsbeheer vir volkome gemoedsrus dra ook by tot die waarde van die produk.

Betreffende die **kostefaktor**: Die koste van 'n nis in enige Avalon Memoriam is beduidend laer as dié van 'n gemiddelde grafsteen, om nie eens te praat van die ander koste verbonde aan 'n konvensionele teraardbestelling nie. Die totale koste van 'n basiese begrafnis by 'n Avalon Memoriam is tussen 20% en 30% minder as 'n gewone teraardbestelling met 'n gemiddelde grafsteen.

Bo en behalwe hierdie besparing, word die instandhoudingskoste van die Memoriam in die oorhoofse begroting ingereken, sodat die individu nie later hiermee belas word, soos wat wel die geval is by 'n munisipale begraafplaas nie.

Wanneer al die relevante faktore in aanmerking geneem word, bied Avalon 'n buitengewoon bekostigbare pakket, wat verskeie ander voordele inhou, aan as alternatief vir die probleme rondom 'n munisipale begraafplaas.

Wat die **bemarkingstruktuur** betref, beskik die Avalon-projek oor verskeie bydraende faktore:

Eerstens maak die gekombineerde hulpbronne van die Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy voorsiening vir 'n aansienlike advertensiebegroting van R10 000 000.00 (Tien Miljoen Rand) oor 'n periode van ses jaar, wat sal verseker dat die Avalon produktereeks duidelik onder die publiek se aandag gebring word.

Tweedens is die Avalon Group Scheme Funeral Plan 'n briljante en innoverende produk in eie reg, wat verder versterk word deur onderskrywing van 'n groot versekeringsgroep. 'n Versekeringsgroep van hierdie statuur sal beslis nie geassosieer word met 'n onderneming sonder meriete nie.

Derdens verseker die integrasie van die Avalon Funerals Begrafnisondernemerstak met elke Memoriam dat die publiek kan staatmaak op wêreldklas, internasionaal-geakkrediteerde begrafnisondernemingsdienste. Om die pakket nog verder te verbeter, word daar ook aan die publiek omvattende begrafnisdekkingspakkette gebied, wat ook die konsekwente verkoop van nisse verseker.

Om af te sluit: 'n Minder sigbare, maar integrale komponent van die besigheidsmodel, is die instandhoudingsprogram. Elke Memoriam sal ondersteun word deur 'n instandhoudingsfonds onder die vaandel van Avalon Capital Corporation, wat gestruktureer is om die volhoubaarheid van die instandhouding vir verskeie dekades te kan doen. Op hierdie manier sal die ware nalatenskap van Avalon Memoriam bly voortbestaan, lank nadat die kommersiële doelwitte bereik is.

Dit is belangrik om daarop te let dat sou die Bloemfontein, Durban en Kaapstad Avalon Memoriam ontwikkelings SLEGS 74% van hul geprojekteerde verkope oor die vasgestelde periode haal, sal dit steeds genoegsaam wees om die 220% reële Beleggingsopbrengs te verseker waarvan ons ons beleggers verseker.

Maar om ons vertroue in die projek te demonstreer en om die risiko vir die belegger te minimaliseer, bied Legacy Investments ook 'n GEWAARBORGDE OPBRENGS aan ons beleggers.

Ons het die **Gewaarborgde Terug-koop ooreenkoms** geïmplimenteer, waarin Avalon Capital Corporation waarborg om u aandele terug te koop, teen nie minder as die 220% beleggingsopbrengs (gebaseer op die 20% jaarlikse enkelvoudige rente) aan die einde van die ses jaar periode.



## 4. FINANSIËLE OORSIG

Die tipe beleggingsgeleentheid is 'n GROEI PLAN BELEGGING.

Die TYDPERK van die belegging is SES JAAR.

Die kapitale groei op die belegging is 20% enkelvoudige groei per jaar, gekapitaliseer aan die einde van die 72 maande termyn, wat neerkom op 'n reële beleggingsopbrengs van 220% (Tweehonderd en Twintig Persent).

Hierdie reële beleggingsopbrengs word ondersteun deur die Terug-koopooreenkoms, wat verseker dat (in geval die versekerde opbrengs nie sou realiseer nie) Avalon Capital Corporation na 72 maande die aandele van die belegger sal terugkoop teen 220% van hul aanvanklike verkoopswaarde. Op hierdie wyse word verseker dat die belegger sy volle kapitaal asook sy volle kapitale groei ontvang aan die einde van die 72 maande.

Die totale bedrag wat benodig word om die projek suksesvol te voltooi is R192 000 000.00, deur ses prospektusse van R32 000 000.00. Die kapitaal sal as volg bestee word:

- die verkryging van 'n lopende besigheid in die vorm van die Bloemfontein Avalon Memoriam, met 'n totaal van 48 000 beskikbare nisse;
- die aankoop van die twee addisionele vaste bates om die Durban Avalon Memoriam en die Kaapstad Avalon Memoriam onderskeidelik te huisves;
- die ontwikkeling van 'n nuwe Avalon Memoriam kompleks in Durban, om 55 000 nisse te akkommodeer;
- die ontwikkeling van 'n nuwe Avalon Memoriam kompleks in Kaapstad, om 55 000 nisse te akkommodeer;
- die implementering van die Instandhoudingsprogram vir die totale projek bestaande uit Bloemfontein, Kaapstad en Durban;
- die vestiging van al die strategiese affiliate-strukture om die nisse in al drie die streke suksesvol te bemark;
- alle kommissie, fooie en uitgawes.

Die projek bestaan uit die direkte aankoop van die Bloemfontein Memoriam, geleë in Bainsvlei, Bloemfontein, wat 'n lopende besigheid met 48 000 nisse is, sowel as die ontwikkeling van 'n Memoriam in Durban en een in Kaapstad, elk met 55 000 nisse – in totaal dus 158 000 nisse wanneer die projek voltooi is.

Die minimum geprojekteerde aankoopprys van elke nis (op die laagste, mees konserwatief berekende prys) is R3 600.00 (Drie Duisend Seshonderd Rand). Aangesien die voltooide projek 158 000 nisse sal lewer, word die omset op R568 800 000 (Vyfhonderd Agt-en-Sestig miljoen Agthonderd Duisend Rand) geprojekteer. Die projek sal oor 'n periode van twee jaar voltooi word, met 'n verdere vier jaar waarin die nisse verkoop sal word.



Die volgende spreiblad toon die Verkoopstempo en die Opbrengsprojeksies aan vir die gekombineerde Bloemfontein, Durban en Kaapstad Memoriam-projek, oor die ses jaar periode.

| GEKOMBINEERDE VERKOPE-PROJEKSIE (BLOEMFONTEIN, DURBAN EN KAAPSTAD) - 6 JAAR \| Totale aantal nisse: 158 000 | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAAR | MAANDELIKSE VERKOPE | HOEV. | WAARDE | MAANDELIKSE INKOMSTE | JAARLIKSE INKOMSTE | OPGEHOOPTE INKOMSTE | NISSE VERKOOP | TOTAAL |
| **2011** Q3 & Q4 | Verkryging, ontwikkeling en konstruksie-fase | Nul | Nul | Nul | Nul | | | |
| **2012** | **Durban Memoriam aanlyn**<br>Kontantverkope<br>Paaiementverkope<br>Begrafnispakket-verkope<br>Polisverkope | 550 | R 3 600 | R 1 980 000 | R 11 8800 000 | R 11 880 000 | 3 300 | 3 300 |
| **2013** | Kontantverkope<br>Paaiementverkope<br>Begrafnispakket-verkope<br>Polisverkope | 750 | R 3 600 | R 2 700 000 | R 32 400 000 | R 44 280 000 | 9 000 | 12 300 |
| **2014** | **Kaapstad Memoriam aanlyn**<br>Kontantverkope<br>Paaiementverkope<br>Begrafnispakket-verkope<br>Polisverkope | 1 550 | R 3 600 | R 5 580 000 | R 66 960 000 | R 111 240 000 | 18 600 | 30 900 |
| **2015** | Kontantverkope<br>Paaiementverkope<br>Begrafnispakket-verkope<br>Polisverkope | 2 550 | R 3 600 | R 9 180 000 | R 110 160 000 | R 221 400 000 | 30 600 | 61 500 |
| **2016** | Kontantverkope<br>Paaiementverkope<br>Begrafnispakket-verkope<br>Polisverkope | 3 750 | R 3 600 | R 13 500 000 | R 162 000 000 | R 383 400 000 | 45 000 | 106 500 |
| **2017** | Kontantverkope<br>Paaiementverkope<br>Begrafnispakket-verkope<br>Polisverkope | 5 250 | R 3 600 | R 18 900 000<br>Alle nisse verkoop/bespreek teen September 2016 | R 185 409 000 | R 568 809 000 | 51 503 | 158 003 |

Aangesien die beleggingsopbrengs wat ons bied 'n vaste enkelvoudige rentekoers van 20% per jaar oor 'n periode van SES JAAR (die twaalf maande ontwikkelingsperiode en die vyf jaar benodig vir die verkoop van die nisse) is, beloop die totale opbrengs op belegging 220%.

Gebaseer op die R192 000 000.00 (Eenhonderd Twee en negentig Miljoen Rand) benodig om die projek te finansier, word 'n minimum opbrengs van R422 400 000.00 (Vierhonderd Twee-en-twintig Miljoen Vierhonderd Duisend Rand) benodig. Aangesien die minimum inkomste uit nis-verkope geprojekteer word op meer as R568 000 000.00, val die opbrengs vereistes gemaklik binne die moontlikheidsgrense van die projekinkomste.

Eenvoudig gestel: die geprojekteerde inkomste oor die ses jaar periode oorskrei die kapitaal benodig vir die volle opbrengs teen die 220% koers aangebied met meer as R145 000 000.00. Anders gestel: sou die Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy slegs 74% van die geprojekteerde wins maak, sal dit steeds genoeg wees om beleggers se kapitaal **met volle kapitale groei** te kan uitbetaal aan die einde van die ses jaar periode.

As gevolg van hierdie uiters positiewe opbrengskoers teenoor kapitaal benodig, is Legacy Invest oortuig dat hierdie 'n buitengewone beleggingsgeleentheid is. Voorts het ons die geprojekteerde grense wat spruit uit hierdie positiewe inkomste, gebruik om die Terug-koop waarborg van Avalon Capital Corporation te onderskryf. Op hierdie manier, sal Avalon Capital Corporation (alhoewel hulle voordeel sal trek uit die uiteindelike opbrengs) gekompenseer word deur hul Terug-koop waarborg, wat die risiko vir die belegger selfs verder verminder.

In die Sakeplan hoofstuk het u gelees van die Terug-koop waarborg, soos beskou vanuit 'n besigheidsperspektief. Vanuit 'n finansiële perspektief is die Terug-koop waarborg selfs nog meer duidelik en voor die hand liggend. Ons het afstand gedoen van 'n gedeelte van die potensiële wins om stukrag aan die Terug-koop waarborg te kan gee.

Alhoewel daar 'n klein koste implikasie is op die uiteindelike opbrengs van die projek, bied ons in ruil daarvoor 'n waarborg wat alle risiko vir ons beleggers grootliks verminder – 'n opoffering wat beslis die moeite werd is.

Dit is van die uiterste belang dat elke voornemende belegger sal verstaan dat alhoewel die Avalon Memoriam projek gebaseer is op grondige beginsels, en ten spyte daarvan dat die beleggingsopbrengs gerugsteun word deur die gewaarborgde Terug-koop ooreenkoms, hierdie steeds 'n kapitale beleggingsonderneming is, wat fokus op die oordeelkundige belegger met reserwe kapitaal, wie se risikoprofiel 'n belegging met 'n ses jaar groeitydperk, ondersteun. Aan so 'n belegger bied hierdie belegging buitengewone opbrengspotensiaal.

Let egter daarop dat met die insluiting van die waarde waarborg, in die vorm van die gekoppelde begrafnisplan, het u, die belegger, geen probleem met onmiddellik realiseerbare waarde nie. Sou u verkies om dit te doen, kan u gebruik maak van die begrafnisplan binne u eie gesin, of u kan selfs die begrafnisplan aan 'n derde party verkoop. Alhoewel dit impliseer dat u belegging in so 'n geval gekanselleer word, bied dit u die opsie om nie te wag vir verloop van die volle periode van die belegging nie, sou u verkies om vroeër te onttrek.

Legacy Invest beskou hierdie as 'n gulde beleggingsgeleentheid, spesifiek gemik op die oordeelkundige belegger. Ons glo voorts ook dat so 'n belegger volle insig moet hê in beide die verspreiding van kapitaal, asook die basis van die kapitale opbrengs.

Soos voorheen in hierdie prospektus genoem, sal die Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy 'n totaal van R192 000 000.00 (Eenhonderd Twee-en-negentig Miljoen Rand) insamel.

R35 000 000.00 (Vyf-en-dertig Miljoen Rand) sal aangewend word om die Bloemfontein Avalon Memoriam ('n lopende besigheid) te bekom en te ontwikkel. Met die verkryging van die Bloemfontein Avalon Memoriam, die operasionele infrastruktuur ingesluit, is die Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy onmiddellik gevestig as 'n lopende besigheid met die eerste komponent van die sakeplan stewig in plek. Die Bloemfontein Memoriam het inherente nis-waarde van meer as R170 000 000.00 (Eenhonderd en Sewentig Miljoen Rand).

*Nie alleen is die Bloemfontein Memoriam 'n funksionerende fasiliteit met 'n 48 000 nis-kapasiteit nie, maar dit is ook gebou op 4.8 hektaar grond. Daar is dus genoeg grond beskikbaar om die Memoriam in die toekoms uit te brei met 'n verdere 110 000 nisse, wat hierdie 'n uitstekende koop, in eie reg, maak.*

Die volgende stap sal die ontwikkeling en konstruksie van die Durban en Kaapstad Memoriams wees. As in aanmerking geneem word dat ons die ontwerp verbeter en verfyn het (soos in die vorige hoofstuk bespreek) om maksimum estetika, maksimum doeltreffendheid en maksimum benutting van grond en ruimte teen die minimum koste te verseker, sien die uitgawes van die Durban Memoriam as volg daar uit:

| | |
|---|---|
| • **Verkryging van ontwikkeling, IP en handelsregte vir Durban** | **R 20 000 000.00** |
| • **Ontwikkeling en konstruksie van die Durban Memoriam** | **R 35 000 000.00** |
| • **Aanvangs-, operasionele - en bemarkingsuitgawes** | **R 6 500 000.00** |
| **Totale Koste** | **R 61 500 000.00** |

Die Durban Avalon Memoriam sal oor inherente nis-waarde van meer as R195 000 000.00 (Eenhonderd Vyf-en-negentig Miljoen Rand) beskik.

Die uitgawes vir die Kaapstad Memoriam word gebaseer op dieselfde basiese kostemodel as die Durban Memoriam, met voorsiening vir 'n 20% eskalasie op die ontwikkelings- en konstruksie koste, aangesien hierdie Memoriam 6 tot 9 maande later as die Durban projek ontwikkel sal word.
Die totale koste van die Kaapstad Avalon Memoriam word dus bereken op **R68 500 000.00**.
Die Kaapstad Avalon Memoriam sal oor inherente nis-waarde van meer as R195 000 000.00 (Eenhonderd Vyf-en-negentig Miljoen Rand) beskik.
Die netto kapitale bedrag benodig vir bateverkryging en ontwikkeling, sowel as die operasionele uitgawes vir die 6 jaar periode van die belegging is R165 000 000.00 (Eenhonderd Vyf-en-sestig miljoen Rand). Die balans van die beleggingskapitaal sal aangewend word vir makelaarsfooie, konsultante kommissie, regskoste en verwante professionele koste.
Die beleggingskapitaal sal beskerm word deur die inherente nis-waarde van **R568 800 000.00**, gebaseer op 'n konserwatiewe geprojekteerde opbrengs inkomste van R3 600.00 per nis op 158 000 nisse.

Soos voorheen verduidelik, moet Avalon Memoriam Investments 1 Maatskappy slegs 74% van die geprojekteerde opbrengs lewer om alle beleggingsopbrengs verpligtinge na te kom. Hiermee saam verseker die gewaarborgde Terug-koop ooreenkoms dat die risiko nie by die belegger lê nie, maar by die ontwikkelaar en die besturende maatskappy, Avalon Capital.

Die maandelikse nis-verkope projeksie soos gereflekteer op die spreiblad op bladsy 24, word in verkorte formaat weergegee en toon die gesamentlike verkope en opbrengsprojeksies aan. Hierdie projeksies is gebaseer op 'n uiters gedetailleerde projeksie-analise van elke individuele ontwikkeling. In hierdie gedetailleerde projeksie-analise word die maandelikse nis-verkope verder verfyn oor die drie-pilaar struktuur (soos in hoofstuk 3 verduidelik) en bestaan uit:

i. Direkte (onmiddellike) nis-verkope
ii. Nis-verkope gekoppel aan Begrafnispakette
iii. Nis-verkope gekoppel aan die Begrafnis Versekering Groepskema
Onthou dat elke begrafnispolis 'n lewensvatbare, finansiële instrument in eie reg is en dus kwalifiseer 'n polis gebaseerde nis-bespreking as inkomste.

Soos blyk uit die Maandelikse Nis-verkope Projeksie-spreiblad, word verwag dat die totale kwota van nis-verkope bereik sal word gedurende die derde kwartaal van die sesde beleggingsjaar. Sou hierdie projeksie realiseer, sal die opbrengs op belegging as betaalbaar beskou word en aan die belegger uitbetaal word op daardie tydstip.

Sou die kwota egter nie bereik word nie, sal die vertraging in verkope NIE aan die belegger oorgedra word NIE, aangesien die Terug-koop waarborg dan in werking sal tree. Op hierdie manier het Legacy Invest verseker dat ons beleggers se belange te alle tye beskerm word, terwyl hulle die voordele van 'n suksesvolle projek sal geniet, sonder enige van die slaggate van ander beleggingsmoontlikhede.

Sodra al die nisse verkoop of bespreek is en die opbrengs op belegging van 220% behaal is, sal Avalon Capital Holdings 'n gedeelte van die daaropvolgende opbrengs ontvang in ruil vir die Terug-koop waarborg.
Die oorblywende opbrengs sal aangewend word om die deurlopende bestuur van die drie Memoriams te befonds, asook om die onderhoudsprogram, waarna ons Voorsitter in sy inleidende brief verwys het, van stapel te stuur. Sodoende sal verseker word dat onderhoud van die Memoriams volhoubaar sal wees vir verskeie dekades, sonder enige verdere koste aan die publiek.

Op hierdie manier sal die Avalon Memoriam Projek in staat wees om aan ons vereistes te voldoen, naamlik dat alle projekte wat deur Legacy Investments onderneem word, nie alleen 'n nalatenskap van welvaart aan ons beleggers moet bied nie, maar ook dat dit 'n nalatenskap vir toekomstige generasies moet wees deur ontwikkelings wat waarde tot ons land toevoeg.

## 5. VRAE EN ANTWOORDE

### Administrasie proses

***01. Hoe lank duur dit voordat ek 'n aandelesertifikaat ontvang?***

Ongeveer 'n maand ná voldoening aan die bepalings van die prospektus, maar aandele en sertifikaatnommers word gereserveer sodat u belegging aangetoon word op die Beleggers Register van die maatskappy binne vier weke nadat u die belegging gemaak het. U geld word in die trustrekening van ons prokureurs gehou totdat bevestiging van u aandele van ons ouditeurs ontvang is en die toepaslike aandele sertifikaatnommer aan u toegeken is.

***02. Hoe lank bly my geld in die prokureur se trustrekening?***

U geld bly in die prokureurs se trustrekening totdat aan al die bepalings in die prospektus voldoen is en die ouditeure bevestig het dat u belegging op rekord geplaas is.

***03. Waarom verskyn Legacy Invest se naam nie op die aansoekvorm nie?***

Legacy Invest is slegs die promotor. Die beleggingsooreenkoms geskied tussen die koper (belegger) en die verkoper (Avalon Memoriam Investments 1 Beperk).

***04. Hoe oud is Legacy Invest?***

Legacy Invest is in 2010 gestig. Legacy Invest is egter 'n afdeling van Dovetail Trading 509 CC, 'n gemagtigde finansiële dienste verskaffer, geakkrediteer by die Finansiële Dienste Raad, gelisensieer onder FSB Nommer 19653, en is reeds sedert 2003 in bedryf.

***05. Kan Legacy nie dalk met my geld verdwyn nie?***

Nee – Legacy Invest is bloot die promotor. Hulle hanteer nie die belegger se geld nie. Die kapitaal word in die trustrekening van CRONJÉ & BUITENDAG PROKUREURS gehou totdat die oordrag van aandele in u naam afgehandel is. Slegs dan sal die geld uitbetaal en gebruik word.

***06. Wie is dan die werklike ontvanger van my geld?***

Die hoofontvanger van u geld, nadat kommissie afgetrek is, is Avalon Memoriam Investments 1 Beperk, die maatskappy waarin u aandele verkry.

***07. Kan Avalon Memoriam Investments 1 Beperk nie dalk met my geld verdwyn nie?***

Nee, hulle kan nie. Wanneer die geld deur die prokureurs uitbetaal word, mag Avalon Memoriam Investments 1 Limited dit alleenlik aanwend vir die transaksies soos in die Sakeplan en prospektus uiteengesit. Daarby sal aandelesertifikate aan u uitgereik word deur die ouditeure, wat u 'n aandeelhouer in die maatskappy maak, voordat Avalon Memoriam Investments 1 Beperk enige geld van die prokureurs ontvang.

***08. Waarom is julle meer suksesvol as sindikate?***

Ons belê slegs in spesifieke, goed-gekose, prima beleggingsgeleenthede. Die aard van die impakstudies wat ons onderneem verseker dat ons beleggers kan reken op maksimum groei met minimale risiko. Ons streef daarna om projekte te identifiseer wat so min as moontlik deur eksterne ekonomiese faktore beïnvloed word.

***09. Het Avalon Memoriam Investments 1 Limited 'n webwerf en e-posadres?***

Ja.

- Internet inligting oor die Avalon Groep is beskikbaar by www.avalongroup.co
- Tegniese inligting aangaande die belegging, kan bekom word deur navraag te doen by admin@legacyinv.co.za

Vir al ons kontakbesonderhede kan u ook die Legacy webwerf besoek by www.legacyinvest.co

**Belasting**

***10. Hoe werk die inkomstebelasting op my belegging?***

Kapitale wins belasting is van toepassing aangesien hierdie 'n groei-gebaseerde belegging is en u opbrengs kapitale groei is, soos gelewer deur die verkoop van aandele.

***11. Hoe werk kapitale wins belasting op my belegging?***

Volgens huidige belastingwetgewing word die eerste R17 500.00 van kapitale opbrengs per jaar vrygestel van Kapitale opbrengs belasting. Die balans van die kapitale groei (nadat die vrygestelde bedrag afgetrek is) word met 25% vermenigvuldig. Dit beteken dat slegs 'n kwart van die totale bedrag belasbaar is. Veronderstel u koop aandele in die maatskappy ter waarde van R100 000 en verkoop dit later teen R220 000. Dit beteken dat u wins van R120 000 gemaak het. Die eerste R17 500 is vrygestel van belasting, wat aan u oorblywende kapitale wins van R102 500 gee, waarvan slegs 25% belasbaar is, met ander woorde R25 625.

***12. Teen watter koers word my kapitale wins belas?***

Dit is baie eenvoudig. Tel die belasbare komponent van u kapitale opbrengs (R25 625 in die bostaande voorbeeld) by u normale jaarlikse inkomste. U word dan op daardie bedrag belas teen die marginale koers toepaslik vir die belastingskaal waarin u inkomste val. In die praktyk beteken dit dat u op R120 000.00 kapitale opbrengs kapitale wins belasting van R10 250.00 [R120 000.00 – R17 500.00], [x 25%], [x 40%] sal betaal indien u inkomste in die hoogste belastingskaal val. R10 250.00 belasting op R120 000.00 kapitale wins kom neer op 'n belastingkoers van 8.54%. Neem asseblief kennis dat bostaande voorbeeld op 'n individuele persoon gebaseer is. Trusts en ander entiteite sal nie op dieselfde manier belas word nie. Ons verwys u graag na u belastingkonsultant vir meer inligting.

**Aandele**

***13. Wat is die verskil tussen julle aandele en dié gelys op die JSE?***

Op die JSE koop 'n mens aandele in 'n spesifieke maatskappy en jy kry dan dividende en kapitale groei. Hierdie opbrengs is egter onbepaalbaar, strek oor 'n onbeperkte tydperk en word bepaal deur baie faktore wat wissel van die sukses/mislukking van die maatskappy waarin die aandele gekoop is, tot die direkteursbesluite aangaande die dividend bydraes en selfs basiese finansiële faktore soos byvoorbeeld 'n resessie. In die geval van Avalon Investments 1 Beperk, koop u egter aandele in die maatskappy teen 'n GEWAARBORGDE vaste opbrengs van 20% enkelvoudige rente per jaar oor 'n periode van 72 maande. Dit beteken dat u u opbrengs akkuraat kan bereken omdat u presies weet hoeveel (220%) u oor watter tydperk (72 maande) gaan verdien. Aan die einde van die termyn word u aandele terug gekoop deur die maatskappy of sy benoemde en u opbrengs word aan u uitbetaal.

Avalon Investments 1 Beperk is dus 'n OPENBARE maatskappy, maar die aandele is nie genoteer nie. Dit beteken dat hulle nie verhandel kan word op die JSE nie. 'n Aandeelhouer in 'n ongenoteerde maatskappy kan nie sy aandele direk op 'n aandelemark verkoop nie, maar moet óf die aandele aan 'n belangstellende derde party verkoop, óf van die dienste van 'n finansiële adviseur of makelaar gebruik maak om 'n geskikte koper te vind.

***14. Word hierdie belegging gekoppel aan 'n sekere periode?***

Ja. Alhoewel u die opsie het om u aandele (of die begrafnisplan wat u ontvang as 'n beleggingswaarborg) ná 12 maande te verkoop, is dit op eie risiko. Om die gewaarborgde 220% opbrengs op u belegging te bekom, moet u belegging by ons ses jaar (72 maande) duur – soos in die prospektus gestipuleer.

**Sekuriteit van u belegging**

***15. Is my kapitaal veilig?***

Ja – Legacy Invest, in samewerking met Avalon Funerals Begrafnisondernemers en Avalon Financial Services, het 'n Waarde Waarborg geïmplimenteer waardeur u belegging deur 'n begrafnisplan(ne) (van gelyke waarde aan u belegging) ondersteun word. Hierdie Waarde Waarborg word voorts ondersteun deur die Avalon Funerals Groepskema Begrafnisversekeringsplan, wat die intrinsieke finansiële waarde van die projek verseker. Boonop word hierdie finansiële waarborge verder versterk deur die inherente waarde van die vaste bates, te wete die Bloemfontein, Durban en Kaapstad Memoriams, asook die waarde van die grond self wat beide as bates van die maatskappye geregistreer is en sodoende die kapitale sekuriteit ondersteun.

***16. Word my kapitale groei gewaarborg?***

Ja – buiten die feit dat Avalon Investments 1 Beperk slegs 74% van die geprojekteerde inkomste moet verhaal om sowel kapitaal en kapitale groei te kan uitbetaal aan die einde van die 6 jaar periode, het Legacy Invest, in samewerking met Avalon Capital, 'n struktuur geïmplimenteer om u kapitaalterugbetaling asook u kapitale groei te waarborg!

Vir elke R15 000.00 belegging in Avalon Memoriam Investments 1 Beperk, ontvang u 'n begrafnisplan, wat ná 12 maande afgelos kan word. Op hierdie manier word u aanvanklike belegging beveilig. U kapitaal EN u kapitale groei, na afloop van die beleggingstermyn, word gewaarborg deur die Terug-koop ooreenkoms waarvolgens Avalon Capital, die nasionale ontwikkelaar van die Avalon Memoriam projek, waarborg om u aandele, sonder enige voorbehoud, terug te koop teen 220% van hul aankoopwaarde.

***17. Wanneer word die kapitale groei uitbetaal?***

Na afloop van die 72 maande beleggingstydperk.

***18. Is dit 'n veilige belegging?***

Die belegger se sekuriteit is gevestig op die vaste bate waarde, die nis waarde en die gewaarborgde terug-koop van aandele. Dit word verder ondersteun deur die inherente kapitale waarde van die Avalon Funerals Groep Skema Begrafnis Versekeringspolis, onderskryf deur 'n groot, gevestigde versekeringsmaatskappy. Ten slotte bied die Terug-koop ooreenkoms (na 72 maande) met Avalon Capital, teen 220 % van die aankoopwaarde van die aandele, aan die belegger volkome gemoedsrus.

***19. Kan een van die direkteure nie met die geld verdwyn nie?***

Nee – die geld mag slegs aangewend word vir die verkryging van die onderskeie bates soos in die prospektus uiteengesit. Hierdie bates vorm deel van Avalon Memoriam Investments 1 Beperk, waarin u, as belegger, 'n aandeelhouer is.

***20. Hoe veilig is die belegging?***

Die belegger ontvang eiendomsreg. Die koop van aandele is dus gelykstaande aan die koop van 'n eiendom, soos byvoorbeeld 'n huis of 'n klein besigheid. Die verskil is egter dat die belegger deur hierdie belegging, deel van 'n baie groter, sterker maatskappy koop as wanneer hy eiendom op sy eie koop, wat uiteraard die opbrengspotensiaal verhoog en die risiko verlaag.

***21. Is dit 'n belegging soortgelyk aan dié van batebestuurders wat op die aandelebeurs sake doen?***

Nee – 'n batebestuurder se nismark is effektetrusts. Batebestuurders pas ook 'n baie meer algemene beleggingsmetode toe. Ons belegging fokus op 'n spesifieke onderneming, in hierdie geval die Avalon Projek. Dit stel ons in staat om die belegging te beheer en maksimum opbrengs met minimum risiko te verseker.

***22. Kan ek kontant belê?***

NEE! Alles moontlik word gedoen om seker te maak dat die beleggingsprojekte wat ons onderneem uiters deursigtig en volkome wettig is. Ons is nie bereid om kontanttransaksies te doen nie, aangesien sulke transaksies hulself tot misbruik leen. Hou ook in gedagte dat enige prokureur of finansiële adviseur wat groot bedrae kontant ontvang, dit volgens wet, moet rapporteer. Sou hy/sy in gebreke bly om dit te doen, stel hy homself bloot aan 'n boete van R1 000 000.00 of 30 jaar tronkstraf.

**Ouditeure (SAB&T)**

***23. Wat is SAB&T se funksies?***

SAB&T is die ouditeure van die onderskeie maatskappye. Hulle oudit die maatskappye en rapporteer aan die beleggers by die algemene jaarvergadering. Hulle dien ook as waghond en adviseur ten opsigte van die samestelling van verskillende projekte.

***24. Het ek as belegger toegang tot die geouditeerde state?***

Ja. SAB&T lê jaarliks 'n verslag voor by die algemene jaarvergadering wat ter insae van alle beleggers is. Enige ander inligting, soos begrotings, trustaktes, versekering, ens., mag van tyd tot tyd deur die beleggers aangevra word.

**Prokureurs**

***25. Waarom word die geld in die trustrekening van CRONJÉ & BUITENDAG PROKUREURS inbetaal?***

Ter beskerming van die beleggers se belange. CRONJÉ & BUITENDAG PROKUREURS verseker dat die transaksie aan alle wetlike vereistes voldoen VOORDAT ENIGE GELDE OORBETAAL WORD. Sou iets verkeerd loop voordat die belegger se aandele in sy naam geregistreer is, sal die beleggingskapitaal deur hulle aan die belegger terugbetaal word.

***26. Hoe weet ek my geld is veilig?***

Nóg Legacy Invest, nóg Avalon Memoriam Investments 1 Beperk hanteer die aanvanklike beleggingskapitaal. Die geld word direk in die trustrekening van CRONJÉ & BUITENDAG PROKUREURS inbetaal tot tyd en wyl die prospectus bepalings nagekom is en die aandele deur SAB&T (die geregistreerde ouditeure van die maatskappy) uitgereik is.

***27. Wat gebeur as my geld wegraak uit die prokureurs se trustrekening?***

Bitter min finansiële rekeninge word so streng deur die wet beheer, soos die trustrekeninge van prokureurs. Sou iets egter verkeerd loop, word u geld beskerm deur die Prokureurs Getrouheidsfonds, onderskryf deur die Prokureursorde van Suid Afrika, wat die belegger beskerm teen sulke gebeure.

**Algemeen**

***28. Hoe likied is my geld?***

Dit neem drie tot ses weke om aandele te verhandel. Aangesien die likiditeit van u belegging gebaseer is op die verkoop van aandele, moet u in gedagte hou dat dit onderhewig is aan die beskikbaarheid van 'n belangstellende koper en 'n gewillige verkoper.

***29. Hoe vind beleggingsgroei plaas?***

Met die verhoging in waarde van die aandele. Die kapitale waarde van die aandele groei teen 'n enkelvoudige koers van 20% (twintig persent) per jaar oor 'n periode van ses jaar.

***30. Het ek 'n afkoel periode?***

Ja, daar is 'n afkoelperiode van 7 dae – sou u besluit om die ooreenkoms binne sewe dae te kanselleer, betaal u slegs die administrasiefooi van R550. Sou u besluit om u belegging te kanselleer ná die afkoelperiode, maar vóór die aanwending van fondse tot die projek op ondertekening van die prospektus, word 'n fooi van 10% van die beleggingsbedrag betaalbaar om die kommissie en ander koste deur die maatskappy aangegaan, te dek.

***31. Kan die belegging gesedeer word?***

Ja – indien die ander party daartoe instem. Na afloop van die eerste 12 maande mag u ook die begrafnisplan(ne) aan u uitgereik, as waardeversekering op u belegging, sedeer.

***32. Dit klink te goed om waar te wees! Waar is die vangplek?***

Gewoonlik is beleggings van hierdie grootte, met hierdie opbrengspotensiaal, nie beskikbaar vir die kleiner belegger nie. In hierdie geval ontwikkel ons egter die maatskappy in samewerking met die beleggers, wat volkome besitreg van die maatskappy verkry, wat beteken dat die beleggers geregtig is op die hoë opbrengs.

***33. Wanneer kry ek 'n aandele sertifikaat?***

Na voldoening aan al die prospektus bepalings, word die aandele geregistreer en uitgereik. Die hele proses duur drie tot vier weke (ná ondertekening).

***34. Moet die belegging in my eie naam gemaak word?***

Dit kan in u eie naam gedoen word, maar dit is voordelig om 'n deel van u belegging op u gade of kind se naam te maak, aangesien dit inkomstebelasting en kapitale wins belastingvoordele kan inhou. Die belegging kan ook gedoen word in die naam van 'n familietrust of ander regsentiteit. Ons beveel aan dat u inligting inwin rakende die belastingimplikasies van ander opsies.

***35. Wat is die kleinste bedrag wat ek kan belê, en hoekom?***

Die kleinste moontlike bedrag wat belê kan word is R10 000.00, maar ons beveel aan dat u 'n minimum van R15 000.00 belê, aangesien dit die minimum bedrag is wat benodig word om te kwalifiseer vir die waarde waarborg van 'n begrafnisplan (met 'n addisionele begrafnisplan vir elke daaropvolgende R15 000.00).

***36. Hoe werk die Waarde Waarborg Begrafnisplan?***

Vir elke R15 000.00 wat u belê, sal Avalon Memoriam Investments 1 Beperk aan u 'n basiese begrafnisplan van Avalon Funerals Begrafnisondernemers uitreik. Hierdie begrafnisplan moet

dormant bly vir die eerste 12 maande ná u belegging, waarna dit aflosbaar is op enige tydstip van die res van u beleggingstydperk, sou u eie afsterwe of dié van enige ander genomineerde persoon in u begrafnisplan, dit noodsaak. Die opeis (gebruik) van die begrafnisplan sal as 'n verkoop van aandele beskou word, waardeur eienaarskap van die aandele, soos gekoppel aan die spesifieke begrafnisplan, aan die maatskappy oorgedra word wanneer u die begrafnisplan opge-eis (gebruik) het.

***37. Wat is die nut van die begrafnisplan as ek wil belê in die projek?***

U belegging sal verseker dat u 'n aandeelhouer met volle eiendomsreg in die maatskappy is. Die begrafnisplan is bloot 'n bygevoegde waarborg wat aan u onmiddelike waarde op u belegging bied, sou u verkies om dit te benut voor die verstryking van die 72 maande tydperk.

***38. Wat is die verskil tussen die Begrafnispolis en die Begrafnisplan?***

'n Begrafnispolis is die begrafnis versekeringsdekking deur Avalon, onderskryf deur 'n toonaangewende versekeringsmaatskappy. Hierdie begrafnisdekking is gebaseer op lewensversekeringsprodukte, wat dit baie innoverend in die begrafnisversekeringsbedryf maak. Dit funksioneer egter steeds op dieselfde basiese beginsels as enige ander versekering: u betaal 'n maandelikse premie en wanneer u of 'n gesinslid (gedek deur die polis) tot sterwe kom, betaal die versekeringsmaatskappy 'n bedrag geld (in ooreenstemming met die tipe polis wat u uitgeneem het) uit.

Die begrafnisplan, aan die ander kant, is 'n ten volle omvattende begrafnis PAKKET, saamgestel deur Avalon Funerals Begrafnisondernemers. Hierdie pakket word gewoonlik vooraf betaal en die eienaar van die pakket is by afsterwe geregtig op 'n volledige begrafnis, soos gedefinieer deur die pakket. As deel van hierdie belegging het Legacy Invest met Avalon Funerals Begrafnisondernemers onderhandel om aan u 'n volledige begrafnispakket ter waarde van R15 000.00 te bied as waarde waarborg op elke R15 000.00 wat u in die projek belê.

***39. Mag ek die Begrafnisplan hou?***

Ja, dit behoort aan u so lank as wat u geld in die projek belê is. Sou u die opsie uitoefen om u begrafnisplan te benut gedurende die tydperk van u belegging, word die GEDEELTE VAN U BELEGGING gekoppel aan die spesifieke begrafnisplan, as gekanselleer beskou. Indien u nie die begrafnisplan benut voor die verstryking van die beleggingstydperk nie, sal dit gekanselleer word nadat u die volle 220% reële beleggingsopbrengs ontvang het.

***40. Wat gebeur as ek van my begrafnisplanne wil hou en die res van my belegging wil laat uitbetaal?***

Die begrafnisplan mag benut word enige tyd ná die eerste 12 maande van u beleggingstydperk. U kan dit benut deur dit te sedeer of dit te gebruik vir u eie of 'n familielid se begrafnis. U kan ook, op enige stadium gedurende die beleggingsperiode, u oorspronklike aandele aan 'n derde party verkoop. Sou u egter aan die einde van die 72 maande tydperk een of meer van u begrafnisplanne wil behou, sal die koste daarvan van u reële beleggingsopbrengs afgetrek word en die balans sal aan u uitbetaal word.

## Makelaars

***41. Hoeveel kommissie word deur die maatskappy betaal?***

Ons is voorstaanders van deursigtigheid en bo en behalwe dit, word ons wetlik verplig om kommissiestrukture bekend te maak. Die makelaar ontvang 6% kommissie. Die enigste ander toelaatbare aftrekkings, soos toegelaat deur die Finansiële Dienste Raad, is vir bemarking en promosie.

***42. Is dit 'n hoë kommissie koers?***

Kapitaal fasiliteringskommissietariewe is bedryfsverwant. Die kommissie is reeds by die begroting ingereken, dit het dus geen negatiewe impak op die projek of op die beleggingsopbrengs nie. Bo en behalwe dit, is die kommissie betaalbaar 'n eenmalige betaling, wat neerkom op 'n skrale 1% per jaar oor die ses jaar termyn.

***43. Is die kommissie eenmalig betaalbaar?***

Ja, soos hierbo verduidelik.

***44. Is julle by die Finansiële Dienste Raad (FDR) geregistreer?***

Ja. Ons lisensienommer is 19653. Besoek ons webwerf vir 'n kopie van die amptelike registrasie-dokument.

***45. Hoe sal julle geraak word deur die Finansiële Adviseurs en Intermediêre Dienste (FAID) wetsont-werp?***

Ons is FDR 1.8 en 1.10 ge-akkrediteer en geregistreer. Enige finansiële adviseurs wat hierdie belegging wil promulgeer, moet aan hierdie akkreditasie vereistes voldoen.

***46. Wat doen ek as daar nie 'n tak van Eerste Nasionale Bank (ENB) naby my is nie?***

Stuur u betaling deur middel van oornagpos en die makelaar sal die onkoste hiervan betaal.

***47. Bied Legacy Invest kompetisies aan as motivering?***

Van tyd tot tyd mag Legacy Invest 'n kompetisie aanbied as motivering. In so 'n geval sal dit altyd ooreenstem met, en voldoen aan die vereistes van die FAID wet en die riglyne van die Finansiële Dienste Raad. Kontak gerus u finansiële raadgewer sou u inligting rondom enige sulke kompetisies benodig.

***48. Mag sake saamgevoeg word deur die makelaar?***

Nee – Legacy Invest voldoen baie streng aan die FAID regulasies. Slegs finansiële adviseurs met voorgeskrewe akkreditasie mag ons produkte bemark en daarom laat ons nie makelaars toe om gebruik te maak van sub-agente, assistant-makelaars of agente nie. Net so word samevoeging (pooling) deur die makelaar nie toegelaat nie. U belegging word gekoppel aan 'n spesifieke aandele

uitreiking, onder u spesifieke naam, of onder die naam van die struktuur deur u verkies. Sou u verkies om 'n koalisie met kollegas te vorm, is u geregtig om dit te doen, maar die belegging moet in die naam van 'n spesifieke entiteit gemaak word.

**Verkope**

***49. Wat gebeur as ek my aandele wil verkoop en geen koper kan vind nie?***

Die maatskappy, die promoter en die finansiële adviseur is nie verplig om u aandele namens u te herverkoop gedurende die 72 maande periode nie. Sou u egter besluit om u aandele te verkoop, sal ons u bystaan en poog om 'n gewillige koper vir u aandele te vind.

***50. Indien ek sou besluit om my aandele te verkoop voor die 72 maande verstreke is, is daar enige fooie betaalbaar?***

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie 'n ses jaar belegging is en ons raai u af om aandele te verkoop alvorens hierdie tydperk verstryk het. Sou u egter besluit om wel te verkoop voor die verstryking van die 72 maande, is daar 'n spesifieke fooi-struktuur van toepassing.

***51. Hoe word die aandeelverkoopsfooi gestruktureer?***

| | | |
|---|---|---|
| Gedurende die eerste 7 dae | - | R550.00 |
| Voorafgaande aanvraag van fondse | - | 10% van die beleggingsbedrag |
| Tussen maande 2 en 72 | - | Kapitale waarde x 2% |

Indien u nie self die aandele van die hand sit nie, sal u aanspreeklik gehou word vir enige kommissie verskuldig aan die party wat u bygestaan het om 'n koper vir u aandele te vind.

***52. Hoe werk die verkoop van aandele as ek nie self 'n koper het nie?***

Sou u besluit om u aandele te verkoop deur middel van ons hulp en bystand, moet u ons skriftelik kennis gee van u voorneme om dit te doen. Ons sal dan ons makelaarsnetwerk verwittig, wat op hul beurt 'n potensiële koper sal soek. Die koper sal 'n aanbod voorlê, wat u dan mag aanvaar of van die hand wys. Die beginsel bly deurgaans een van vraag en aanbod.

***53. Hoe werk die administrasie van die herverkoop?***

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie 'n 72 maande belegging is en ons beveel aan dat aandele nie verkoop word alvorens hierdie tydperk verstryk het nie. Sou die belegger egter besluit om wel sy aandele vroeër te verkoop, sal Legacy Invest hulp verleen waar moontlik. Ons waarborg egter nie die herverkoopswaarde van u aandele op enige stadium gedurende die 72 maande tydperk nie. In die geval waar 'n belegger wel sou besluit om sy aandele te verkoop en van ons bystand gebruik wil maak, moet die belegger die volgende aan ons verskaf:

1. 'n Brief waarin u kennis gee van u voorneme (met motivering) om u aandele te verkoop.
2. 'n Gesertifiseerde afskrif van die verkoper se ID.
3. Die oorspronklike aandelesertifikaat.
4. Bewys van adres (nie ouer as 3 maande nie).

5. Bewys van bankbesonderhede (nie ouer as 3 maande nie)
6. Die voltooide deel van die CM 42 wat betrekking het op VERKOPER (u kan 'n CM 42 dokument van u finansiële adviseur of boekhouer kry).

Die verkoper moet ook 'n aandele oordragsertifikaat van Legacy Invest af kry. Alle inligting daarop moet voltooi word en die dokument moet so gou as moontlik aan Legacy Invest teruggestuur word. Let daarop dat elke bladsy van die dokument geparafeer moet word en dat alle dele wat nie van toepassing is nie, geskrap moet word.

Dokumente kan aanvanklik gefaks word, maar oorspronklike dokumente moet altyd so gou as moontlik daarna by ons kantore ingehandig word.

Legacy Invest sal dan die beskikbaarheid van u aandele bekend maak en aanbiedinge sal aangeteken word. Hierdie onderhandelings word gedoen deur die administratiewe personeel in samewerking met die makelaar.

Wanneer 'n koper beskikbaar is, sal die koper ook sekere dele van die Legacy Invest oordragsertifikaat moet voltooi, net soos die finansiële konsultant betrokke by die transaksie, ook moet doen.

Die verkoper van die aandele sal in kennis gestel word van die aanbiedinge en het die reg om 'n aanbod te aanvaar of van die hand te wys.

Sou die verkoper 'n aanbod aanvaar, sal die proses voortgaan, onder toesig van Legacy Invest.

Wanneer die transaksie afgehandel is, sal die geld ontvang weereens in die trustrekening van ons prokureurs inbetaal word totdat 'n aandelesertifikaat aan die koper uitgereik is.

Die prokureursfirma sal alle herverkoopskoste en kommissie betaalbaar aftrek en die balans van die verkoopsprys in die verkoper se bankrekening inbetaal. Let daarop dat 'n uiteensetting van hierdie koste en kommissie aangevra kan word vóór die afhandeling van die transaksie.


LEGACY INVEST
A legacy of wealth